

<i><u>HOOFSTUK 5 EGSKEIDING</u></i> .....	1
<u>INLEIDING:</u> .....	1
<u>MOONTLIKE SLAGGATE TYDENS DIE EGSKEIDINGSPROSES</u> .....	2
<u>VOORBEREIDING VIR DIE EGSKEIDINGSPROSES</u> .....	2
<u>PRAKTIESE WENKE OM GELD TYDENS 'N EGSKEIDING TE SPAAR:</u> .....	3
<u>SORG VAN DIE KINDERS (TOESIG EN BEHEER)</u> .....	8
<u>DIE ROL VAN DIE GESINSADVOKAAT TYDENS EGSKEIDINGS</u> .....	9
<u>TOEGANG TOT KINDERS:</u> .....	9
<u>NUTTIGE KONTAKNOMMERS</u> .....	10

## *HOOFSTUK 5*

### *EGSKEIDING*

#### **INLEIDING:**

'n Egskeiding is altyd 'n emosionele aangeleentheid wat ernstige trauma meebring vir diegene wat daardeur geraak word. Ons moedig geensins egskeidings aan nie, maar as gevolg van die feit dat baie mense tog skei word die volgende inligting as riglyne beskikbaar gestel om die proses te vergemaklik.

Die proses word gekompliseer indien 'n persoon onkundig is en emosioneel en impulsief handel.

Die hele egskeidingsproses, soos alle litigasie, is op inligting gebaseer. Indien die persoon oor voldoende kennis beskik kan hy/sy hom/haarself behoorlik voorberei en beskerm.

Dis belangrik om nooit agterbaks of ongeskik teenoor u gade te wees nie, maar dit is belangrik om van moontlike slaggate bewus te wees.

## **MOONTLIKE SLAGGATE TYDENS DIE EGSKEIDINGSPROSES**

Die volgende is algemene verskynsels wat tydens die egskeidingsproses kan voorkom waarop u bedag moet wees:

- Indien u gade die primêre broodwinner is, kan hy/sy lank wag om die rekeninge te betaal. Sodoende word druk op die gade wat finansieel afhanklik is geplaas. Dit kan veroorsaak dat laasgenoemde gedwing word om 'n skikking te aanvaar wat nie werklik optimaal is nie.
- Sommige gades sal die kredietkaart vir eie gewin gebruik, wetende dat die ander gade die rekening moet betaal. Indien die gades gebruik maak van 'n gesamentlike kredietkaart en slegs een verantwoordelik is vir die betaling daarvan, is dit nie 'n goeie idee om dit vir eie gewin te gebruik nie.
- Die een gade besluit om nie met die ander gade te praat nie. Dit plaas meer druk op die gesin, veral waar kinders betrokke is. Indien u nie direk met u gade wil praat nie, maak gebruik van 'n tussenganger soos 'n prokureur. Die weiering om te kommunikeer plaas meer druk op u én u kinders. Dit kan selfs u gesondheid benadeel.
- Leuens wat versprei word - byvoorbeeld bewerings dat die een gade die ander mishandel. Die waarheid word dikwels vergeet deur 'n woedende gade. Wees voorbereid vir die feit dat sommige mense vuil speel.
- Mondelinge ooreenkomste beteken niks nie – skriftelike ooreenkomste met betrekking tot alle aspekte van die egskeiding insluitend toegang tot die kinders is van uiterste belang.

## **VOORBEREIDING VIR DIE EGSKEIDINGSPROSES**

Wanneer u die besluit neem om te skei is dit van uiterste belang om voorbereid op die proses te wees. Voorbereiding is 'n belangrike bate tydens die egskeidingsproses. Berei uself beide regtens en emosioneel voor:

- ken die reg rakende egskeidings;
- stel 'n bevoegde egskeidingsprokureur aan, maar deur uself in te lig kan u seker maak dat u prokureur u regte beskerm;
- indien u kinders het moet u uitvind wat die verskillende tipes toesig is;
- indien u 'n vader is, moet u seker maak dat u prokureur weet en verstaan dat u gelyke regte ten opsigte van die kinders verlang;
- voordat u skei, maak afskrifte van alle relevante finansiële dokumente. U moet afskrifte van die volgende dokumente hê:
  - bankstate, bankrekeninge, rekeningnommers en aftreepolis;
- maak seker dat u bewys het van alle gesamentlike eiendom;
- maak afskrifte van al die dokumentasie wat by u prokureur is;

- weerhou uself van enige gedrag wat u in 'n slegte lig sal stel wanneer u na die egskeidingshof gaan;
- alhoewel dit nie 'n misdryf is om met 'n nuwe verhouding te begin nie, is dit tog beter om te wag voordat u met 'n nuwe verhouding begin - die egskeidingsproses is oorlaai met emosionele stres en 'n nuwe verhouding kan dit vererger;
- leer hoe om konflik met u gade konstruktief te hanteer - woede kompliseer die egskeidingsproses;
- indien daar kinders betrokke is, het elke ouer 'n verpligting om die kinders se belange eerste te ste.

## **PRAKTIESE WENKE OM GELD TYDENS 'N EGSKEIDING TE SPAAR:**

Die volgende wenke word deur 'n egskeidingsprokureur aanbeveel:

### **Wees u eie privaat speurder:**

- Niemand dra soveel kennis van u persoonlike en u gade se belange soos uself nie – die volgende vrae kan hiermee help:
  - Watter bates het u?
  - Het u gade iets gesê wat u laat dink daar is geld in ander rekeninge as die waarvan u weet?
  - Lê daar rekords in die huis rond, in 'n dagboek, op notas op 'n tafel?
  - Bestaan daar ou pensioenfondsplanne van vorige werkgewers?
- U moet minstens al die nodige vrae vra en u sal dalk 'n paar antwoorde daarop kry.

### **Vul self die finansiële vorms wat die hof benodig in:**

- Vrees is die grootste oorsaak van onredelikheid tussen die partye - elkeen sien 'n toekoms waarin hy of sy in haglike omstandighede moet leef terwyl die ander gade in weelde leef.
- Die finansiële vorms help u om u finansiële inligting te organiseer en 'n oorsig te hê op wat u finansiële posisie gaan wees na die egskeiding. Dit gee u die geleentheid om te evalueer of u huidige inkomste genoeg is om twee huishoudings in stand te hou en of u u leefstyl sal moet verander.

### **Kry 'n eiendomsagent om u huis te waardeer:**

- Die eiendomsmark is baie wisselvallig en om bloot 'n aanname te maak oor die waarde van u huis, strandhuis of beleggingseiendom of om hierdie aanname te baseer op die vorige jaar se verband-waardasie is nie 'n wyse besluit nie.

- Eiendomsagente doen vergelykende waardasies as deel van hul algemene besigheid en sal heel moontlik u eiendom gratis waardeer.

#### **Vra u rekenmeester om u besigheid te waardeer:**

- Indien u of u gade 'n besigheid besit mag die waarde daarvan heel moontlik meer wees as net die rekenaars, tafels en motors.
- Die goeie naam wat aan die besigheid geheg word, patente, ander intellektuele eiendom, ens. kan aansienlike waarde inhou.
- Indien u gade 'n aandeel of belang het in 'n groter entiteit kan die waarde van daardie belange 'n aansienlike deel van die gesamentlike boedel uitmaak, selfs al is daardie entiteit op daardie stadium nie winsgewend nie.

#### **Bereken onderhoud vir kinders:**

- Elke land het sekere riglyne vir die betaling van onderhoud - hierdie riglyne is nie wette nie, maar hang af van die behoeftes van die kind, mediese uitgawes en die inkomste en finansiële posisie van beide ouers.
- Die hof het 'n diskresie wat die bedrag van onderhoud betref - indien die ouers nie ooreen kan kom oor die bedrag onderhoud wat betaal moet word nie kan die hof 'n bedrag vasstel.

#### **Pro se of doen dit self egskeidings:**

- In eenvoudige sake waar geen kinders betrokke is nie, dit 'n kort huwelik was en daar min bates tussen die partye is kan baie tyd en geld gespaar word met 'n pro se egskeiding.
- In Suid-Afrika kan partye optree sonder regsverteenvoerding indien hulle dit so verkies en self hul egskeiding behartig.

#### **Praat met u prokureur se sekretaresse:**

- Vir eenvoudige vrae soos of 'n faks al ontvang is en of iets al gebeur het is dit dikwels vinniger en goedkoper om die sekretaresse te vra.

#### **Praat met u sielkundige:**

- Talle mense maak die fout om die kundigheid van die deskundiges met wie hulle te doen kry te verwar. U prokureur is die beste hulpbron as dit kom by regs kwessies en u finansiële adviseur as dit kom by finansiële kwessies, maar vir die emosionele uitdagings verbonde aan 'n egskeiding is u sielkundige die een wat u kan bystaan - byna alle mense wat skei misgis hulle met die emosionele uitdagings van 'n egskeiding.
- Die haastige besluite wat partye dikwels neem terwyl hulle aan emosionele pyn ly kan baie vinnig enige skikkingsooreenkoms ongedaan maak.

- Deur emosionele ondersteuning te kry en die ander party se emosies te hanteer sal grotendeels bydra tot 'n suksesvolle skikkingsooreenkoms.
- Maak seker dat die persoon wat u raadpleeg oor die kundigheid relevant tot u probleem beskik, om sodoende die beste resultate te kry en ook geld te bespaar.

### **Praat met 'n finansiële beplanner:**

- Vir talle mense is egskeiding die grootste ekonomiese besluit wat hulle ooit sal neem en tog verwag baie van hulle van hul prokureur om hierdie tipe vrae te antwoord:
  - Hoeveel is die pensioen werd?
  - Watse inkomste kan ek verdien vanuit 'n enkelbedrag-ooreenkoms?
  - Wat is die bedrag onderhoud wat ek nodig het om kop bo water te hou?
  - Wat as die broodwinner sterf of gestremd raak gedurende betaling van die onderhoud?
- 'n Gesertifiseerde finansiële ontleder of beplanner kan u nie net help om op die voordeligste wyse u bates te verdeel en kontantvloei te verseker nie, maar ook om uself te bemagtig tydens die oorgang na u nuwe lewe.
- Baie vrouens hanteer nie die betaling van rekeninge tydens die huwelik nie en het nie 'n duidelike begrip van hul lewenskoste nie. Ten einde 'n finansiële stabiele toekoms te verseker moet bates na die egskeiding belê word.
- Soveel vrouens lewe in vrees van armoede, maar deur beheer te neem oor u finansiële welstand sal help om hierdie vrees te beveg.

### **Doen u eie kopieerwerk:**

Openbaarmaking van finansiële inligting moet alles op papier wees en al die betrokke partye moet kopieë daarvan hê. U prokureur moet 'n fooi hef vir die tyd wat sy personeel spandeer om kopieë van jou papierwerk te maak.

Gaan na 'n plek wat kopieë maak en maak drie kopieë van alles, een vir u, een vir u prokureur en een vir u finansiële beplanner.

### **Maak gebruik van alternatiewe geskil beslegting:**

- Mediasie/bemiddeling is 'n manier om beheer te neem oor u egskeiding. Indien u en u gade kan saam werk, al is dit nie deur middel van direkte kontak nie, kan mediasie gebruik word om die uitkoms van u egskeiding te bepaal sonder om elke aspek te bestry.
- Veral in die geval waar daar kinders betrokke is lyk die toekoms dikwels beter as die egskeiding nie in 'n oorlog ontaard nie.
- Vir baie mense is dit makliker om met mekaar saam te werk as om hulle prokureurs te kry om 'n skikkingsooreenkoms aan te gaan.

### **Lei uself op:**

- Ten einde die maksimum voordeel te trek uit die tyd wat u met u prokureur spandeer, is dit belangrik dat u vertrouwd raak met die proses wat gevolg gaan word. Die hof se finansiële vorms kan u insig gee in u maandelikse lewenskoste.
- Daar is baie inligting oor egskeidingsprosedures beskikbaar. Dit sal u help om die terme wat u prokureur gebruik te verstaan en te weet wat aangaan.

### **Verstaan die verrekenbare uur:**

- Die geneigdheid om u prokureur oor elke vraag wat opduik te skakel is verstaanbaar, maar hoe beter ingelig en georganiseerd u is wanneer u met u prokureur praat en vrae vra, hoe minder van sy duur tyd sal u in beslag neem.
- Dit is beter om deur middel van epos of faks met u prokureur te kommunikeer.

### **Laat u gade die dagvaarding uitreik:**

- Daar bestaan gewoonlik 'n behoefte om die een te wees wat die egskeiding aanvra - dit gaan gepaard met 'n persoon se trots en ego.
- Dit is erger prakties voordelig om te wag dat die ander party dit doen aangesien dit gepaard gaan met sekere uitgawes soos prokureurs- en baljukostes.
- Die party wat die egskeiding aanvra is die eiser en sal in die hof moet getuig.

### **Verkoop van jul huis:**

- Die huis is dikwels die man en vrou se grootste bate en grootste uitgawe.
- Indien u die huis met die verdeling van die bates gekry het, is u nie net verantwoordelik vir die betaling van die verband nie, maar vir al die aanvullende instandhoudingsuitgawes ook.
- U sal heel waarskynlik die huis moet laat herfinansier om die verband in u naam te laat registreer en dit sluit sekere fooie in.
- Wanneer u op die punt kom wat u besef dat die huis te veel vir u is om te hanteer en besluit om dit te verkoop, sal u die koste verbonde aan die verkoopstransaksie moet verhaal.
- Daar moet ook in gedagte gehou word dat skulddelging u nog 'n groot som geld kan kos. Dit is dus beter om die huis te verkoop voor die egskeiding terwyl albei partye in die koste kan deel.

### **Assesseer u pensioenplanne:**

- Die waarde van die pensioen en u aandeel daarin moet bepaal word. Dikwels sal dit die geval wees dat 50% van iemand se pensioen die gade toekom by egskeiding.

### **Kry 'n goeie prokureur:**

Soms sal kliënte 'n prokureur kies volgens dit wat hy per uur vra, maar hou in gedagte dat 'n duur prokureur meer koste effektief kan wees aangesien hy moontlik 'n beter skikkingsooreenkoms kan bewerkstellig of die saak in minder ure kan afhandel.

Maak seker dat u prokureur in familiereg spesialiseer sodat hy spesifieke kwessies, byvoorbeeld 'n gade in die buiteland, kan hanteer.

### **Gaan u rekeninge na:**

- Kyk of daar enige buitengewone uitgawes aangegaan is nadat u reeds uitmekaar is - gaan die ander persoon uitgawes aan wat nie u verantwoordelikheid is nie?
- U rekeninge reflekteer u en u gade se uitgawes en leefstyl. Deur u rekeninge na te gaan sal u kan sien watter uitgawes onnodig is wanneer u nie alles kan betaal na die egskeiding nie, dit werp ook lig op die ander persoon se uitgawes en watter nie regverdig kan word as redelike uitgawes nie.

### **Probeer 'n skikkingsooreenkoms aangaan:**

- Hoe meer u onderling kan skik sonder die gebruik van prokureurs, hoe makliker, vinniger en meer vriendskaplik is die hele proses.
- Indien u kinders het gaan die ander persoon nog lank in u lewe wees en gaan dit samewerking tussen u verg, byvoorbeeld wie vir universiteitsopleiding gaan betaal, ens.

### **Moenie oor die kinders baklei nie:**

- Die kinders word gewoonlik die meeste geaffekteer deur die egskeiding. Kinders moet weet dat alhoewel die ouers mekaar nie meer lief het nie, hulle albei steeds die kinders lief het.
- Ouers kan meestal goeie en effektiewe ouerskapsplanne uitwerk wat hulle in staat stel om saam te werk tot voordeel van die kinders.
- Indien die ouers nie tot so 'n vergelyk kan kom nie kan hulle bygestaan word deur 'n prokureur of 'n bemiddelaar.

### **Moenie oor persoonlike eiendom baklei nie:**

- Dis sinneloos om die prokureurs te laat argumenteer oor sitkamerbanke of kombuisware. Maak eerder 'n lys van alles wat elkeen wil hê en onderhandel met mekaar oor die items wat beide graag sou wou hê.
- Indien hierdie verdeling oneweredig is kan dit regverdig gemaak word deur geld te betaal of ander bates by te voeg.

- Waar foto's die kwessie is kan dit bloot gekopieer word. Dit is dikwels nie die bates self wat die probleem is nie, maar die sentimentele waarde wat mense aan hierdie besittings heg.
- Egskeiding is die begin van 'n nuwe lewe. Wettiglik is dit 'n gebeurtenis, maar in werklikheid is dit 'n proses. Deur kennis in te win en emosioneel sterk te staan gedurende egskeiding sal u in staat stel om 'n sleutelrol te speel in die vorming van u toekoms.

### **EK WIL SKEI MAAR KAN NIE DIE DIENSTE VAN 'N PROKUREUR BEKOSTIG NIE. SAL DIE REGSHULPRAAD MY HELP?**

Die Regshulpraad kan hulp verskaf aan diesulkes wie wil skei. U sal eers 'n 'vermoëns toets' moet voltooi om te sien of u kwalifiseer.

U sal nie regshulp verkry indien:

- daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat u met u gade mag herenig nie;
- die direkteur van die raad van mening is dat nie u en u gade genoeg gedoen het om tot 'n vergelyk te kom nie;
- u voorheen van die Regshulpraad gebruik gemaak het om te skei, maar toe besluit het om voort te gaan met die huwelik;
- daar geen kinders by die egskeiding betrokke is nie.

U kan ook die plaaslike gesinshof nader, indien een wel in u area beskikbaar is, vir 'n koste effektiewe egskeidingprosedure.

### **SORG VAN DIE KINDERS (TOESIG EN BEHEER)**

- Sorg (toesig) het twee bene, naamlik;
  - gesamentlike sorg;
  - uitsluitlike sorg.

#### **Gesamentlike sorg:**

- Waar ouers gesamentlike fisiese sorg ten opsigte van hul kinders uitoefen, dra hulle gelykwaardig by tot besluitneming ten opsigte van die kinders se basiese behoeftes en welstand.
- Hulle spandeer ook gedeelde tyd saam met hul kinders. Hierdie situasie sal druk plaas op die kinders en mag ook persoonlike praktiese probleme veroorsaak ten opsigte van die kinders se roetine, bv. onderrig, ens.
- So 'n reëling sal ook praktiese huishoudelike probleme veroorsaak, bv. die voorsiening van twee huishoudings wat op 'n permanente basis volledig toegerus is vir die kinders se behoeftes ens. Hierdie reëling is gewoonlik nie prakties uitvoerbaar nie en word selde ingestel.



- Gesamentlike sorg word meer algemeen beoefen - beide ouers deel in die langtermyn besluitneming ten opsigte van die kind se welsyn en basiese behoeftes maar die fisiese sorg word aan één van die ouers toevertrou.

#### **Uitsluitlike sorg:**

- Uitsluitlike sorg sal nie ligweg toegestaan word aan slegs een ouer nie weens die beperkings wat dit plaas op die regte van die ander ouer.
- Wanneer uitsluitlike sorg toegestaan word, beskik sodanige ouer oor eksklusiewe regs- en fisiese regte ten opsigte van die kind.
- Toekenning van hierdie aard word ingekort tot gevalle waar die een ouer as onbevoeg beskou word as gevolg van dwelmverslawing, kindermishandeling ens. Hierdie ouer mag wel aansoek doen om gedeeltelike besoekregte, wat onder toesig sal plaasvind.
- 'n Tussentydse bevel kan aangevra word deur 'n ouer indien goeie rede daarvoor bestaan soos wanneer die ander ouer die kind mishandel het.

### **DIE ROL VAN DIE GESINSADVOKAAT TYDENS EGSKEIDINGS**

- Elke afdeling van die hooggeregshof het 'n gesinsadvokaat kantoor beskikbaar om die hof in skeisake by te staan.
- Die rol van die gesinsadvokaat is hoofsaaklik om voogdyskap, toesig en toesighoudende regsangeleenthede te ondersoek en voorstelle aan die hof te maak.
- Die gesinsadvokaat mag ook as hof verteenwoordiger optree vir kinders wie se ouers besig is om te skei.
- Die hof mag ook versoek dat die gesinsadvokaat 'n ondersoek om te bepaal wat die beste vir die kinders sal wees.
- Een van die ouers mag ook die gesinsadvokaat versoek om 'n ondersoek te doen in geskille oor toesig waar beide die ouers toesig en beheer wil bekom.
- Die ouer wat sodanige ondersoek aanvra sal nie verantwoordelik wees vir enige kostes verbonde daaraan nie.

### **TOEGANG TOT KINDERS:**

- Die ouer wat nie volle beheer oor die kinders het nie is geregtig op redelike toegang tensy 'n hofbevel anders bepaal.
- 'n Hofbevel is nie nodig ten einde die reg tot redelike toegang daar te stel nie. 'n Skeihof versuim dikwels om uitdruklik 'n bevel ten opsigte van toegang uit te reik.
- Om 'n ouer te belemmer of te verhinder om so 'n reg tot redelike toegang uit te oefen is 'n oortreding en mag veroorsaak dat die oortreder skuldig bevind word aan minagting van die hof.
- 'n Ouer wat benadeel is deur 'n toegangsbevel kan die hof nader vir die wysiging daarvan.

- Toegang mag deur die hof ingekort word in omstandighede waar die beste belang van die kinders sodanige ingryping verg.

## **NUTTIGE KONTAKNOMMERS**

*Sien ook kontaknommers van die Regshulpsentrums*

<b>Kantore van die Gesinsadvokaat</b>		
Oos-Londen	043 722 8866/7	<a href="mailto:EastLondon-FA@justice.gov.za">EastLondon-FA@justice.gov.za</a>
Graaff-Reinet	049 891 1207	<a href="mailto:SVanPletzen@justice.gov.za">SVanPletzen@justice.gov.za</a>
Mthatha	047 532 3998	<a href="mailto:Mthatha-FA@justice.gov.za">Mthatha-FA@justice.gov.za</a>
Port Elizabeth	041 585 5718	<a href="mailto:PortElizabeth-FA@justice.gov.za">PortElizabeth-FA@justice.gov.za</a>
Port Elizabeth	041 585 5718	<a href="mailto:rclaassen@justice.gov.za">rclaassen@justice.gov.za</a>
Bloemfontein	051 447 1115	<a href="mailto:Bloemfontein-FA@justice.gov.za">Bloemfontein-FA@justice.gov.za</a>
Johannesburg	011 333 3724	<a href="mailto:Johannesburg-FA@justice.gov.za">Johannesburg-FA@justice.gov.za</a>
Pretoria	012 323 0760	<a href="mailto:Pretoria-FA@justice.gov.za">Pretoria-FA@justice.gov.za</a>
Durban	031-310 6500	<a href="mailto:Durban-FA@justice.gov.za">Durban-FA@justice.gov.za</a>
New Castle	034 326 4932	<a href="mailto:Newcastle-FA@justice.gov.za">Newcastle-FA@justice.gov.za</a>
Pietermaritzburg	033 342 0616	<a href="mailto:Pietermaritzburg-FA@justice.gov.za">Pietermaritzburg-FA@justice.gov.za</a>
Polokwane	015 817 1200	<a href="mailto:Polokwane-FA@justice.gov.za">Polokwane-FA@justice.gov.za</a>
Nelspruit	013 752 2755/ 2762/ 2920	<a href="mailto:Nelspruit-FA@justice.gov.za">Nelspruit-FA@justice.gov.za</a>
Witbank (Vosman)	013 752 2755	<a href="mailto:Nelspruit-FA@justice.gov.za">Nelspruit-FA@justice.gov.za</a>
Kimberly	053 833 1019	<a href="mailto:Kimberly-FA@justice.gov.za">Kimberly-FA@justice.gov.za</a>
Mafikeng	018 388 9500	<a href="mailto:Mafikeng-FA@justice.gov.za">Mafikeng-FA@justice.gov.za</a>
Rustenburg	018 388 9500	
Kaapstad	021 426 1216	<a href="mailto:CapeTown-FA@justice.gov.za">CapeTown-FA@justice.gov.za</a>
George	044 802 4200	<a href="mailto:George-FA@justice.gov.za">George-FA@justice.gov.za</a>
Worcester	023 347 1238	<a href="mailto:Worcester-FA@justice.gov.za">Worcester-FA@justice.gov.za</a>